**Onderwys vir Dowes, gehoorgestremdes moet dringend aandag kry in SA**

**Marcia Lyner-Cleophas, Claudia Saunderson & Lizelle Apollis***

Loslitdag, wat elke jaar op die eerste Vrydag in September (vanjaar op 1 September) gevier word, herinner ons daaraan dat almal moet saamwerk om 'n inklusiewe en billike samelewing te skep waarin mense met gestremdhede hulle volle potensiaal kan bereik. Mense met gestremdhede het merkwaardige vordering gemaak ten opsigte van hulle insluiting by die samelewing. Wydverspreide uitsluiting in die samelewing het algemeen voorgekom voordat wetgewing oor menseregte internasionaal en plaaslik begin posvat het.

Wetgewing soos die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede het baie gedoen om deelname te verbreed. Op die tuisfront vra ons Grondwet regstelling ten opsigte van ras, gender en gestremdheid – om maar net 'n paar gebiede in die samelewing te noem waar wette teen diskriminasie ingestel is. Dit is van die grootste belang om maatskaplike geregtigheid en transformasie vir mense met gestremdhede in Suid-Afrika, veral diegene wat as Doof identifiseer, te eis.

Aangesien September ook Bewustheidsmaand vir Dowes is, met die Internasionale Dag vir Gebaretaal (23 September) en die Internasionale Week vir Dowes wat in die laaste week van die maand gehou word, is dit wonderlik dat Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) onlangs die land se 12de amptelike taal geword het. Dit was beslis hoogtyd, veral aangesien SAGT sedert 1996 in wetgewing deur die Suid-Afrikaanse Skolewet erken word en dit reeds sedert 2014 deel van die skoolkurrikulum vir Dowes is. Die ondertekening van die wetgewing om SAGT 'n amptelike taal te maak, sal hopelik help om die regte van mense wat doof of gehoorgestremd is te bevorder, aangesien hulle nog steeds baie onderverteenwoordig is en soms nie genoeg ondersteun word in opvoedkundige ruimtes nie.

Hoewel daar reeds plek-plek kundigheid in skole en universiteite bestaan, benodig veral die basiese onderwyssektor meer onderwysers (insluitende Dowe onderwysers) wat in SAGT opgelei is om die opvoedkundige standaarde en uitkomste van Dowe leerders in die hele onderwysstelsel te verbeter. Daar moet baie meer moeite gedoen word om praktyke te verseker wat beleide volg wat vir Dowe leerders geskep is, soos onderrig in hulle huistaal, wat SAGT is. Ondanks 'n gevestigde inklusiewe raamwerk en ten spyte van verskeie beleide ten gunste van gestremdheid, ondervind Dowe leerders egter steeds verskeie struikelblokke wat psigososiale, ekonomiese en finansiële uitdagings insluit.

Dit is dus nie verbasend dat die opvoedkundige uitkomste van persone wat Doof is, steeds van die swakste in Suid-Afrika is nie. Van die bydraende faktore is die gebrek aan kennis en opleiding oor hoe om die opvoedkundige en leerbehoeftes van Dowe leerders aan te spreek, wanopvattings oor hulle vermoë om sukses te behaal en onvoldoende Dowe onderwyseropleiding. Dit bly dus uiters belangrik dat die opleiding van Dowe opvoeders verbeter word om geloofwaardige opvoedkundige uitkomste in basiese onderwys te verseker. Dit kan net daartoe lei dat meer Dowe studente die naskoolse onderrig-en-opleidingstelsel bereik. Dit is sal 'n hoër standaard vir Dowe mense ten opsigte van kwalifikasies stel en hulle lewensgehalte en lewenstandaard verbeter.

Die feit dat SAGT deel van die skoolkurrikulum is, het die hoëronderwyssektor genoodsaak om meer proaktief te wees ten opsigte van die insluiting van SAGT by tersiêre inrigtings.

By die Universiteit Stellenbosch het ons verskeie strategieë, regulasies en beleide in plek gestel om te verseker dat alle studente hulle potensiaal kan verwesenlik deur gelyke geleenthede te skep. Ons Taalbeleid sluit byvoorbeeld SAGT as 'n erkende taal vir onderrig en leer in. Dit stel ons in staat om SAGT-tolke te hê om Dowe studente se opleiding by die Universiteit te ondersteun. Deur ons Beleid

oor Gestremdheidstoegang kan ons ’n universeelontwerpte kurrikulum implementeer wat aan studente verskeie of buigbare maniere vir toegang tot materiaal, kyk of luister na inligting, uitdrukking en deelname te bied. Universele Ontwerp vir Leer (UDL) is ’n manier van dink oor hoe onderrig en leer verbeter kan word om aan alle studente ’n gelyke geleentheid tot sukses te bied. Die gebruik van UDL sal verseker dat ons lesingsale meer inklusief wrd. Om beleide in plek te hê en kreatiewe denke oor hoe ons onderrig verskaf en hoe studente leer, is ’n belangrike deel van insluiting.

’n Reeks hulpbronne en buigbare denke is egter steeds nodig om regverdigheid te skep. Aangesien studente met gestremdhede veelvlakkig is (soos alle studente is) en op verskeie maniere ondersteuning kan benodig, is samewerking tussen verskillende rolspelers – steundienste, die student en die fakulteit – nodig om hulle akademiese potensiaal ten volle te benut en hulle in staat te stel om sukses te behaal. Twee van ons Dowe studente het onlangs in ons Fakulteit Opvoedkunde gegradueer en kan nou leerders in die Grondslagfase onderrig.

Op die pad vorentoe sal tersiêre inrigtings dit moet oorweeg om UDL deel van hulle opvoedkundige praktyke te maak. Dit sal help om insluiting vir Dowes en ander studente met gestremdhede binne en buite die lesingsaal te verbeter, wat hulle in staat sal stel om sukses te behaal. ’n UDL-benadering kan ook gevolg word om Dowe studente-onderwysers op te lei om sodoende die standaard van onderrig vir Dowe leerders te verhoog en ’n bydrae tot regverdige regstelling te lewer en maatskaplike geregtigheid vir mense met gestremdhede in Suid-Afrika te bevorder.

***Marcia Lyner-Cleophas, Claudia Saunderson en Lizelle Apollis werk by die Eenheid vir Gestremdhede in die Sentrum vir Studentevoorligting en ontwikkeling aan die Universiteit Stellenbosch. Hierdie artikel is op hulle hoofstuk in *Building Inclusive Education in K-12 Classrooms and Higher Education: Theories and Principles* (IGI Global, 2023) gegrond.**